# HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

### 1. ORIËNTERING

#### Inleiding

Opvoeding is die handeling wat deur die opvoeder as mondige mens tot die opvoedeling as onmondige mens gerig word. Die Opvoedkunde as we= tenskap van die opvoeding het daarom die handeling tussen opvoeder en opvoedeling as studie-objek. Die opvoeder word as beelddraer van God geroep om die kind so te lei in sy ontwikkeling na volwassenheid en voorbereiding vir die vervulling van sy lewenstaak, dat die beeld van God steeds duideliker in sy lewe openbaar kan word. 'n Christelike Op= voedkunde is daarom antwoordgewing op die roeping van God.

Die Christelike opvoedkundige wat rekening hou met die radikale verskei= denheid in God se skepping, sal hom nie alleen besig hou met die be= studering van die moontlikhede, behoeftes en probleme van die normaal-begaafde kind in die gewone skool nie, maar ook met dié van die ver= standelik vertraagde in die spesiale skool en die opleibare geestelik vertraagde in die opleidingsentrum. Die bestudering van 'n bepaalde kategorie opleibare geestelik vertraagdes, nl. die Downsindroomkinders, is daarom antwoordgewing op die roeping van God.

Die aktualiteit van die probleme rondom die opvoedkundige versorging van die opleibare geestelik vertraagde kinders word deur 'n besondere ontwikkeling na vore gebring: ter implementering van die "Wet op op= leiding van geestelik vertraagdes" (Wet No. 63 van 1974), is al die op= leidingsentrums in die Republiek sedert 1 April 1975 onder beheer en/of

;ig[x] van die Departement van Nasionale Opvoeding geplaas. In die ver= ; het elke sentrum die opleiding op eie inisiatief en volgens eie oor= georganiseer. Waar hierdie opleiding nou onder die finale jurisdik= van een sentrale liggaam sal ressorteer, is navorsing dringend noodsaak= met betrekking tot:

die besondere vorderingsmoontlikhede en/of spesifieke agterstande (d.w.s. opleibaarheid) in vaardighede by die verskillende kategorieë oplei= bare geestelik vertraagdes, nl. Downsindroomkinders, breinbeskadigdes en ander waarvan die etiologie onbekend is;
die groepering van hierdie verskillende kategorieë opleibare geestelik vertraagdes en
opleidingsprogramme wat rekening hou met die spesifieke agterstande en/of besondere vaardighede wat by 'n bepaalde kategorie opleibare geestelik vertraagdes aanwesig mag wees.

ıierdie kinders ook op 'n eiesoortige, gedifferensieerde opleiding ge= ig is, blyk uit die woorde van Haywood (1970, p. 5): "the task of nce is to discover not greater and greater similarity, but rather finer finer differences", waaruit ook die belangrikheid van die erkenning individuele verskille by hierdie kinders blyk.

---

x) Onder "beheer en/of toesig" word verstaan die aspek van opleiding in alle opleidingsentrums en staatsondersteunde opleidingsentrums. Volgens Wet No. 63 van 1974 word onder "opleiding" die volgende verstaan: "oplei= ding wat by die behoeftes van geestelik vertraagde kinders pas en ook -
a. die versorging van sodanige kinders; en
b. in verband daarmee, die beskikbaarstelling van geboue, koshuise en toerusting, die indiensneming van personeel, die verskaffing van vervoer, en enige ander diens wat die Minister nodig ag".
Die opleiding in private opleidingsentrums, wat verkies om nie van staats= hulp gebruik te maak nie, is nogtans aan inspeksie (toesig) met betrekking tot alle genoemde aspekte van opleiding (waarby opleidingsprogramme inbe= grepe is) onderworpe.

dusver is daar geen breë wetenskaplike ondersoek gedoen om die oplei=heid van die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind te be= nie. Hierdie leemte het die behoefte aan 'n wetenskaplike ondersoek ore laat kom.

## Probleemstelling

rond van voorgaande kan onder andere die volgende probleemstellings stuleer word :

aar gemeenskaplike agterstande en/of besondere vaardighede by die op= are geestelik vertraagde Downsindroomgroep in vergelyking met ander oe opleibare geestelik vertraagdes? In watter mate kan die Downsin= ngroep dus in dieselfde klas of groep aan dieselfde opleidingsprogram rwerp word? Ten opsigte van watter vaardighede besit die Downsindroom=kind die grootste mate van opleibaarheid?

In Amerika en Engeland is die meeste navorsing ten opsigte van genoemde probleme gedoen. Amerikaanse navorsers lê baie klem op die kwantitatie=we aspek van intelligensie. In Suid-Afrika word hierdie voorbeeld nage=volg ten opsigte van die breë indeling van verstandelik en geestelik ver=traagdes volgens I.K.-groepe. Hoe vergelyk die opleibare geestelik ver=traagde Downsindroomkind met ander opleibare geestelik vertraagdes met betrekking tot sosiale aanpassing by die omgewing?

## Doel van ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om:

a. vas te stel ten opsigte van watter vaardighede die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind die grootste agterstande het en in watter hy die grootste moontlikhede tot ontwikkeling toon. Hieronder word die ondersoek na die graad van opleibaarheid van die Downsindroomkind verstaan;

b. die kriteria te bepaal wat deur opleidingsentrums aangewend word om alle opleibare geestelik vertraagde kinders te groepeer en van een klas of groep na die volgende te bevorder;
c. die teoretiese raamwerk van 'n opleidingsprogram saam te stel wat ge= baseer is op bevindinge met betrekking tot agterstande en besondere vaardighede by die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind;
d. ondersoek in te stel na die opleidingsgeleenthede vir die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind en aanbevelings in dié verband te maak.

Metode van ondersoek

In hierdie studie is gebruik gemaak van die beskrywende metode. Die sa= mestelling van 'n teoretiese raamwerk van die bestaande kennis oor die op= leibare geestelik vertraagde Downsindroomkind in die Junior opleidingsen= trum[x)] word uit twee bronne gedoen:-

a. Literatuurstudie: waarvan die mees gesaghebbende literatuur oor die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind deur navorsers in Amerika en Brittanje beskikbaar gestel is;

b. Empiriese ondersoek: vraelyste is aan alle opleidingsentrums in Suid-Afrika gestuur om inligting te bekom oor die besondere vaardig= hede en/of spesifieke agterstande, opleidingsgeleenthede, groeperings= kriteria en opleidingsprogramme vir die opleibare geestelik vertraag= de Downsindroomkind.

---

x) Omdat opleidingsentrums voor 1 April 1975 nie vaste ouderdomsgrense by toelating van kinders tot die sentrum gestel het nie, is daar op die vraelyste met die begrip Junior opleidingsentrum na die 6 - 16-jariges verwys. Die 16 - 18-jariges het in die werksentrum, wat deel van die opleidingsentrum gevorm het, opleiding ontvang.

Gegewens wat uit hierdie twee bronne verkry is, sal daarna met mekaar ver= gelyk word en bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings sal gemaak word.

## 1.5 Program van ondersoek

In voorgaande is bepaalde probleemstellings geformuleer en die doelstel= lings van die studie uiteengesit. In hoofstuk 2 sal in 'n begripsbepaling verskillende vorme van gestremdheid bespreek word om so die begrip verstan= delike en geestelike gestremdheid (vertraagdheid) te omlyn. Daar sal ook aandag gegee word aan die begrippe: opvoeding, onderwys, opleiding, opvoed= baarheid, opleibaarheid en onopleibaarheid.

In hoofstuk 3 sal eerstens besin word oor die terminologie wat in die stu= die gebruik sal word. Daarna sal die etiologie, kliniese diagnose en be= paalde ontwikkelingspatrone by die Downsindroomkind bespreek word.

In hoofstuk 4 sal die persoonlikheidskenmerke van die Downsindroomkind be= spreek word om sodoende veral die vraag na die verband tussen intelligen= sie en waarneembare fisiese stigmata te beantwoord.

In hoofstuk 5 sal die spektrum van begripsbepaling nouer getrek word om die Downsindroomkind in hierdie studie as opleibare geestelik vertraagde in te pas in die hiërargie van verstandelike vertraagdheid.

Die implementering van terapeutiese programme, te wete medisinale, musiek- en spraakterapie sal in hoofstuk 6 aandag geniet. Hierdie hoofstuk sal af= gesluit word deur die implikasies hiervan vir die opleiding van die Downsin= droomkind te bespreek.

In hoofstuk 7 sal die empiriese metode, nl. die vraelys as ondersoekmiddel gemotiveer word. Die doelstellings, samestelling en toepassing van die vraelys sal verder uiteengesit word. Respondente en terugontvangstes sal ook hier bespreek word.

In hoofstuk 8 sal vraelysresponse aangebied word met betrekking tot die opleidingsgeleenthede vir opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkin=ders. Die vraagstuk van tuisversorging teenoor inrigtingsorg sal ook hier bespreek word.

Vraelysresponse met betrekking tot groeperingskriteria vir alle opleibare geestelik vertraagde kinders word in hoofstuk 9 aangebied en bespreek.

Met inagneming van bevindings rakende spesifieke agterstande en besondere vaardighede by die opleibare geestelik vertraagde Downsindroomkind, sal die samestelling van 'n opleidingsprogram in hoofstuk 10 bespreek word.

Gevolgtrekkings en moontlike aanbevelings sal in hoofstuk 11 saamgevat word.